

DEPARTEMENT VAN VERVOER**NO. R. 604****30 MEI 2016****WET OP SUID-AFRIKAANSE MARITIEME EN LUGVAARTSOEK-EN-REDDING,
2002**

**(WET NO. 44 VAN 2002, SOOS GEWYSIG DEUR WET NO. 5 VAN 2013)
REGULASIES OOR SUID-AFRIKAANSE MARITIEME EN LUGVAARTSOEK-EN-
REDDING (RSAML), 2016**

Die Minister van Vervoer het, kragtens Artikel 23 van die Wet op Suid-Afrikaanse Maritieme en Lugvaartsoek-en-redding, 2002 (Wet No. 44 van 2002), die regulasies in die Bylae uitgereik.

**Me DIPUO PETERS LP
MINISTER VAN TRANSPORT
DATUM:**

BYLAE

Indeling van die Regulasies

Deel 1**Inleiding****Woordomskrywing**

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan in hierdie Wet 'n betekenis gegee word, daardie betekenis, tensy die samehang anders aandui—

"ARCC" lugvaartreddingskoördineringsentrum;

"areabeheersentrum" (ACC) 'n lugverkeerbeheersentrum wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die voorsiening van ATC-dienste aan IFR-lugvaartuie in beheerde areas onder sy jurisdiksie;

"cospas-sarsatstelsel" 'n satellietstelsel wat ontwerp is om noodbakens wat op die frekwensie 406 MHz versend, op te tel;

"direkteur" die Direkteur vir Burgerlike Lugvaart;

"gesagvoerder" die vlieënier deur die operateur of in die geval van algemene lugvaart, die eienaar, as in bevel aangewys en belas met die veilige geleide van 'n vlug;

"Gesamentlike Reddingskoördineringsentrum (JRCC)" 'n reddingskoördineringsentrum verantwoordelik vir beide lugvaart en maritieme soek-en-reddingsinsidente;

"globale maritieme nood- en veiligheidstelsel (GMDSS)" 'n globale kommunikasiediens gegrond op geoutomatiseerde stelsels, satellietgebaseerd asook aardgebaseerd, om noodwaarskuwing en promulgering van maritieme veiligheidsinligting vir seevaarders te voorsien;

"hawemeester" 'n persoon aangewys as die beampte wat gesag oor bedrywigheide by 'n hawe ("National Ports Act");

"kaptein" 'n gesagvoerder van 'n skip of gesagvoerder van 'n lugvaartuig, bevelvoerende offisier van 'n oorlogskip of 'n operateur van enige ander vaartuie;

"kusaardstasie" (CES) 'n Inmarsat kusgebaseerde stasie wat skeepsaardstasies met terrestriële kommunikasienetwerke skakel;

"lugvaartuig koördineerder" (ACO) 'n persoon of span wat die betrokkenheid van verskeie lugvaartuie in SAR-operasies ter ondersteuning van die SAR-missie en toneelkoördineerder, koördineer;

"MRCC" maritieme-reddingskoördineringsentrum;

"nasionale SER-plan" omvattende beleidsriglyn oor hoe SER-dienste binne die soek-en-reddingstreek georganiseer, voorsien en bestuur sal word;

"noodgevalfase" 'n generiese term wat, na gelang van die geval 'n onsekerheidsfase, waarskuwingsfase of noodfase is;

"noodfase" 'n situasie waarin daar redelike sekerheid bestaan dat 'n boot of ander vaartuig, met inbegrip van 'n lugvaartuig of 'n persoon, deur ernstige en onmiddellike gevaar bedreig word en onmiddellike bystand benodig;

"noodlanding op see" geforseerde landing van 'n lugvaartuig op water;

"noodliggingsender (ELT)" 'n lugvaatradienoodbaken vir waarskuwing en die versending van aanpeilingseine;

"onsekerheidsfase" 'n situasie waarin onsekerheid bestaan oor die veiligheid van 'n lugvaartuig of mariene vaartuig, en van die persone aan boord;

"operateur" 'n persoon, organisasie of onderneming betrokke by of wat aanbied om betrokke te wees in 'n lugvaartuigoperasie;

"persoonlikeopsporingsbaken" 'n persoonlike radionoodbaken vir waarskuwing en uitsending van aanpeilingseine;

"radiobaken vir noodliggingaanduiding" 'n toestel, wat gewoonlik aan boord van 'n mariene vaartuig is, wat 'n sein uitsaai wat seek-en-reddingsowerhede waarsku en reddingseenhede in staat stel om die toneel van die noodgeval op te spoor;

"RCC" Reddingskoördineringsentrum soos in artikel 1 van die Wet omskryf;

"RCC-hoof" een of meer persone binne 'n administrasie met algehele verantwoordelikheid vir die instelling en voorsiening van operasionele SER-dienste en om te verseker dat beplanning van daardie dienste behoorlik gekoördineer word;

"RCS" reddingskoördineringssubsentrum soos in artikel 1 van die Wet omskryf;

"SER" seek-en-redding;

"SER-missiekoördineerder" 'n beampte wat tydelik aangewys is om reaksie op 'n werklike of klaarblyklike noodsituasie te koördineer;

"SER-operasionele-plan" 'n breedvoerige plan wat die grondslag van seek- en reddingsoperasies formuleer;

"situasieverslag (SITREP)" verslae van die OSC na die SMC of die SMC aan belanghebbende agentskappe om hul ingelig te hou oor toestande op die toneel en vordering met die missie;

"soek" 'n operasie wat gewoonlik deur 'n reddingskoördineringsentrum of reddingssubsentrum gekoördineer word met die beskikbare personeel en fasiliteite om persone in nood op te spoor;

"soek-en-reddingsdiens" die verrigting van noodmonitering, kommunikasie, koördinerings en soek-en-reddingswerkzaamhede, aanvanklike mediese bystand of mediese evacuatie, deur die gebruik van publieke en private hulpbronne, met inbegrip van samewerkende lugvaartuie, bote en skepe en ander vaartuie en installasies;

"soek-en-reddingseenheid" 'n eenheid saamgestel uit opgeleide personeel en voorsien van toerusting geskik vir die vlot uitvoering van SER-operasies;

"soek-en-reddingsfasiliteit" enige mobiele hulpbron, met inbegrip van aangewese soek-en-reddingseenhede, wat gebruik word om soek-en-reddingsoperasies te doen;

"soek-en-reddingslugvaartuig" 'n lugvaartuig met gespesialiseerde toerusting gepas vir die doeltreffende uitvoer van soek-en-reddingsmissies;

"soek-en-reddingssubstreek" 'n bepaalde gebied binne 'n SRR wat met 'n Reddingssubstreek (SRS) vereenselwig word;

"soek-en-reddingsvoorval" enige gebeurtenis wat met die beleid, praktyke, prosedures, opleiding, koördinerings of uitvoering van SER-operasies wat 'n gevaar vir die veiligheid van soek-en-reddingsoperasies kan skep of die voorsiening van soek-en-reddingsdienste ernstig in gevaar kan stel;

"toneelkoördineerder" 'n persoon aangewys om SER-operasies binne 'n spesifieke area te koördineerder;

"vaartuig" enige lug- of see-oppervlakvoertuig, of enige onderwatervaartuig van enige soort of grootte;

"Vluginligtingsentrum (FIC)" 'n eenheid wat ingestel is om vluginligting en waarskuwingsdienste te voorsien;

"vluginligtingstreek" lugruimte van omskrewe dimensie waarbinne

vluginligtingsdienste en waarskuwingsdienste voorsien word;

"waarskuwingsfase" 'n situasie waarin besorgdheid bestaan oor die veiligheid van

'n lugvaartuig of mariene vaartuig en die insittendes daarvan;

"waarskuwingspos" enige fasiliteit wat veronderstel is om te dien as 'n

tussenganger tussen 'n persoon wat 'n noodgeval aanmeld en 'n

reddingskoördineringsentrum of reddingssubsentrum.

Aanhef

2. (1) Hierdie Regulasies—

- (a) stel algemene bepalings in wat die regte en verpligtinge van diensverskaffers vir maritieme en lugvaartsoek-en-redding en ander partye wat beplan vir of deelneem aan maritieme en lugvaart-soek-en-reddingsoperasie, beheer;
- (b) word uitgereik ingevolge Suid-Afrika se verbintenisse om afdwinging te verseker van aanvaarde internasionale standaarde en aanbevole praktyke deur organisasies wat maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsdienste binne haar aangewese soek-en-reddingstreek voorsien soos van tyd tot tyd gewysig en deur die Minister ingevolge hierdie Wet in die *Staatskoerant* gepubliseer;
- (c) sal die tipe en graad van maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsdienste bepaal wat binne die Suid-Afrikaanse soek-en-reddingstreek voorsien staan te word ooreenkomstig sy opdrag en ingevolge die Wet, SASER-grondwet, SASER-beleidshandleiding, tersaaklike internasionale konvensies oor soek-en-redding, riglyne en hierdie regulasies.

(2) Niemand moet maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsdienste voorsien behalwe onder gesag van SASER nie, en ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies.

(3) Niemand moet seek-en-reddingskoördineringswerkzaamhede voorsien nie, tensy gepas deur onderskeidelik die Minister en Direkteur-generaal aangewys en gesertifiseer.

(4) Niemand moet SAR-koördineringswerkzaamhede op die toneel voorsien nie, tensy in daardie hoedanigheid deur RCC of RSC aangestel.

Toepassing

3. (1) Hierdie regulasies moet van toepassing wees op alle voorsieners van seek-en-redding soos deur die Minister ingevolge die Wet aangewys en ooreenkomstig die volgende Internasionale Konvensies en riglyne:
- (a) Aanhangsel 12 – *Search and Rescue* tot die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart;
 - (b) Die "International Aeronautical and Maritime Search and Rescue" (IAMSAR) - handleiding (ICAO Doc.9731-AN/9580);
 - (c) "ICAO Basic Air Navigation Plan" – [streek] en "Facilities and Services Implementation Document" (Doc 9708);
 - (d) Internasionale Konvensie vir die Beveiliging Menselewens op See, 1974;
 - (e) Internasionale Konvensie oor Maritieme Soek en Redding, 1979;
 - (f) Artikel 98 van die "United Nations Convention on the Law of Sea", 1982;
 - (g) "ICAO Safety Oversight Manual" (Doc 9734);
 - (h) "Safety Management System Manual";

- (i) "SACD Protocol".

Deel 2

Ser-beheer, Koördinasie en Oorsig

Nasionale SER-plan

1. Die Departement, in samewerking met SASER, moet 'n breedvoerige nasionale SER-plan ontwikkel oor die voorsiening van SER-dienste binne die Suid-Afrikaanse soek-en-reddingstreek.

SER hulpbronne en fasiliteite

2. (1) Die Departement en SASER moet verseker dat voldoende akkommodasie, toerusting en hulpbronne beskikbaar is om veelvuldige maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsoperasies gelyktydig te koördineer.

(2) SASER moet 'n gebeurlikheidsplan instel wat voltooide reëlins insluit om toegang tot alternatiewe akkommodasie en hulpbronne verseker ten einde die voortgesette voorsiening van maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsdienste te verseker ingeval primêre akkommodasie of toerusting om enige rede nie beskikbaar is nie.

(3) Die organisasies of instellings ingevolge artikel 11 van die Wet aangewys, moet verseker dat 'n RCC of RSC voorsien word wat op 'n 24-uur-grondslag beman moet word deur personeel wat opgelei, gekwalifiseer, bekwaam en gesertifiseer is tot vlakke van bevoegdheid wat tersaaklik is vir die werksaamhede en

verantwoordelikhede wat op maritieme-en-lugvaart-SER diens en betrekking het en vir die Departement aanvaarbaar is.

(4) Die instellings as registrateurs van noodbakens aangewys, moet verseker dat:

- (a) Voorsiening gemaak word vir 'n 406 MHz-noodbakenregister wat bygewerk word wanneer dit ook al nodig is; en
- (b) geregistreerde noodbakeninligting onmiddellik op versoek aan die RCCS's en RSC's beskikbaar gestel word.

Medewerking en samewerking met ander State en SAR-dienste

3. (1) SASER moet, onder leiding van die Department, poog om formele, gedokumenteerde ooreenkomste van samewerking met SER-diensverskaffers van alle naburige State te vestig met die oog op:

- (a) versterking van SER-samewerking en koördinerings;
- (b) spesifisering van die voorwaardes vir mekaar se SER-eenhede om mekaar se onderskeie grondgebiede te betree; en
- (c) aanhelp van binnekoms deur sodanige SER-eenhede.

(2) Die samewerkingsooreenkomste met SER-diensverskaffers van naburige state moet inligting aangaande SER-dienste en vermoëns insluit, met inbegrip van besonderhede van SER-eenhede wat in die voer van SER-operasies in hul onderskeie SRR'e kan help.

(3) Die Departement moet alle inligting wat vir binnekoms deur SER-eenhede van ander State tot sy grondgebied nodig is publiseer, of alternatiewelik, hierdie inligting in formele SER-ooreenkomste insluit.

(4) SASER moet SER-operasies wat die naaste aan naburige SRR'e is, met SER-voorsieners van daardie State koördineer.

(5) Die Departement moet, so ver moontlik, operateurs van alle lugvaartuie, vaartuie en gepaste plaaslike dienste en fasiliteite wat nie deel van die SER-organisasie uitmaak nie, aanmoedig om ten volle saam te werk, soos hul kapasiteit dit toelaat, in die beplanning en uitvoer van SER-operasies.

(6) SASER moet formele, gedokumenteerde samewerkingsooreenkomste sluit, wat vir die Departement aanvaarbaar is, met lugverkeer/maritieme diensverskaffers wat onderskeie verantwoordelikhede in die voorsiening van noodreaksiedienste aan lugvaartuie en bote duidelik omskryf, met inbegrip van die uitruil van vlugplan en operasionele data, kommunikasiedienste, tydelike toewysing van personeel en ander gespesialiseerde dienste soos van tyd tot tyd nodig geag kan word.

(7) SASER moet, so ver prakties moontlik, saamwerk met alle behoorlik geakkrediteerde owerhede en entiteite wat insidente en ongelukke ondersoek.

(8) Die Department, in oorleg met SASER, moet 'n SER-kontakpunt vir ontvangs van noodwaarskuwings en -liggingsboodskappe en verwante data van owerhede en gebruikers van die Cospas-Sarsat-stelsel, aanwys.

(9) Die ARCC moet dokumentasie vir die verklaring van 'n Beperkte Gebied aanbeveel en voorberei wanneer dit ook al nodig geag word vir veilige en doeltreffende SER-operasies.

(10) Die Departement, in samewerking met SASER, moet poog om gesamentlike opleidingsoefeninge te reël wat hul SER-eenhede en dié van ander State betrek.

(11) Die Departement, in oorleg met SASER, moet probeer reëlings tref vir:

- (a) Periodieke skakelbesoeke vir RCC- en RSC-personeel aan samewerkende entiteite landswyd en Lugverkeersdiens- (LVD) en SER-diensverskaffers in naburige State; en
- (b) Bywoning van plaaslike, streeks- en internasionale vergaderings deur SER-ampsdraers.

(12) SASER moet poog om die nouste samewerking aan te moedig met tersaaklike lugvaart- maritieme, grondgebaseerde en militêre noodreaksieowerhede, met inbegrip van die moontlikheid om 'n JRCC te stig om maritieme en lugvaartsoek-en-reddingsoperasies te koördineer, wanneer dit haalbaar en prakties is, al.

Veiligheidstoestig- en reguleringstelsel

4. (1) Die Departement moet 'n persoon of liggaam aanwys om 'n veiligheidstoestig- en reguleringstelsel in te stel wat ten minste:

- (a) 'n kultuur van veiligheid bevorder;
- (b) risiko- evaluerings in die SER-program/stelsel doen, risikofaktore en enige veiligheidsbevindings, oorsake en gepaardgaande regstellende stappe identifiseer en opteken; en
- (c) voortgesette voldoening van reguleringsbepalings aan internasionale standaarde en praktyke soos in tersaaklike internasionale konvensies en riglyne, soos gewysig, monitor.

Veiligheidsbestuurstelsel

5. (1) SASER moet 'n veiligheidsbestuurstelsel instel wat op die Minister van toepassing is en wat, as 'n minimum:

- (a) Veiligheidsrisiko's identifiseer;
- (b) Die instelling van remediërende stappe wat nodig is om veiligheidsprestasie waarop ooreengekom is, te handhaaf;
- (c) Voorsiening maak vir volgehoue monitering en gereelde assessering van die veiligheidsprestasie; en
- (d) Is onderhewig aan gereelde hersiening met die oogmerk om die algehele prestasie van die veiligheidsbestuurstelsel te verbeter.

(2) Die veiligheidsbestuurstelsel moet die veiligheidsaanspreeklikheid van die senior personeel en ampsdraers van SASER duidel en na wense van die Minister, omskryf.

Delegering van gesag (Kommandering van lug- en seehulpbronne)

6. (1) Die gesag om lugvaartuie en bote wat gepas toegerus is, namens die Minister te kommandeer en te ontplooi vir die doel van enige maritieme of lugvaartsoek-en-redding word aan die volgende persone gedelegeer:

- (a) Die Hoof van SASER;
- (b) Hoof van Maritieme SER-operasies;
- (c) Hoof van Lugvaart-SAR-operasies;
- (d) ARCC-hoof;
- (e) MRCC-hoof;

- (f) Soekmissie-koördineerders;
- (g) Hawemeesters; en
- (h) Adjunkhawemeesters.

Deel 3

Ser Operasionele Aangeleenthede, Standaarde en Prosedures

SER operasionele planne

1. (1) Die Departement, in medewerking met SASER, moet breedvoerige planne voorberei met prosedures vir operasies vir die veilige verrigting van SER-operasies binne die SRR.

(2) Bykomend tot die plan in (1) hierbo bedoel, moet die owerhede wat as RCC's of RSC's aangewys is, moet verseker dat die RCC-hoof of RSC-hoof 'n omvattende, breedvoerige en ondubbelsinnige SER-plan ontwikkel om te verseker dat die RCC of RSC tydens 'n soek-en-reddingsaksie behoorlik werk.

(3) Die operasionele planne moet ten minste die volgende vermeld:

- (a) Die struktuur van funksionele verantwoordelikhede met inbegrip van gesag, delegering en verslagdoeningslyne;
- (b) Prosedures waardeur 'n soek-en-reddingsoperasie in die RCC's- of RSC's-verantwoordelikheidsgebied tydens verskillende fases van 'n noodgeval gedoen moet word;
- (c) Reëlins vir die diens en brandstofinname van lugvaartuie, vaartuie en voertuie wat in SER-operasies gebruik word;
- (d) reëlins vir vinnige toegang tot weerinligting en ander operasionele inligting,

met inbegrip van NOTAM en navigeringswaarskuwings;

- (e) die presiese verantwoordelikhedsgebied van die RCC of RSC;
- (f) die verantwoordelikhede en akkommodasie van personeel wat aan soek-en-reddingsoperasies toegewys word;
- (g) metodes en prosedures waardeur inligting verkry, gestoor en herwin word vir gebruik in 'n soek-en-reddingsoperasie;
- (h) opleiding en oefening vir soek-en-reddingspersoneel; en
- (i) die fasiliteite wat vir die RCC of RSC beskikbaar is.

(4) Ten opsigte van die fasiliteite wat vir die RCC of RSC beskikbaar is, moet die operasionele plan:

- (a) stel presies watter agentskappe verantwoordelik is vir die aktivering van fasiliteite;
- (b) die kommunikasiemetodes met die verskeie agentskappe (kommunikasienetwerk), uiteensit;
- (c) die metodes uiteensit vir die waarskuwing van mobiele fasiliteite;
- (d) die metodes vir koördinerings met verskeie fasiliteite uiteensit;
- (e) aan duie wie, en tot watter mate, enige van hierdie fasiliteite versoek kan word om aan 'n operasie deel te neem; en
- (f) die fasiliteite beskikbaar aan die RCC of RSC beskryf.

(5) Alle soek-en-reddingsaksies moet ooreenkomstig die nasionale SER-plan onderneem word.

(6) SER operasionele planne moet besonderhede insluit van stappe wat gedoen moet word ten opsigte van:

- (a) die beskikbare kommunikasiestelsels en -fasiliteite;
- (b) waarskuwings aan lugvaartuie onderweg en skepe ter see;

- (c) die pligte en voorregte van alle deelnemende personeel;
- (d) die moontlike herontplooiing van personeel en toerusting wat deur meteorologiese of ander dinamiese toestande genoop kan word;
- (e) die besondere bystand gepas tot lugvaartuie in nood wat in die water moet land, met inbegrip van rendezvous met oppervlakvaartuie; en
- (f) invlugwegwending na en onderskepping en begeleiding van lugvaartuie in nood.

(7) RCC's moet verseker dat hul operasionele planne met vliegveldnoodprosedures geïntegreer is om voorsiening te maak vir optimale, gekoördineerde reaksie op lugvaartuignoodgevalle wat in die omtrek van lughawens kan ontstaan, met inbegrip, vir vliegvelde aan die kus, areas van water.

(8) RCC's moet verseker dat operasionele planne met hawenoodprosedures geïntegreer is om voorsiening te maak vir 'n gekoördineerde reaksie op mariene noodgevalle wat in die omtrek van hawens, hawestede en VTS-gebiede van verantwoordelikheid kan voorkom.

(9) RCC's moet verseker dat elke SER-eenheid ingelig is van alle dele van die operasionele planne wat nodig is vir die doeltreffende verrigting van sy take of pligte.

SER-eenhede en fasiliteite

2. (1) RCC's moet:

- (a) openbare en private SER-eenhede met geskikte ligging, toerusting en bemanning vir soek-en-reddingsoperasies regdeur die SRR aanwys en reëlings tref vir die samewerkende en gepaste gebruik daarvan;

- (b) formele reëlings aanwys en tref vir samewerkende gebruik van vaartuie, voertuie en personeel wat nie as SER-eenhede kwalifiseer nie, maar wat doeltreffend aan SER-operasies kan deelneem;
- (c) verseker dat reëlings getref word vir die konstante gereedheid van SER-eenhede en fasiliteite; en
- (d) 'n akkurate en volledige databasis van SER-eenhede en ander SER-fasiliteite en hulpbronne binne die SRR onderhou en reëlings tref dat die RCC betyds ingelig word indien hul gereedheid of vermoë verander.

(2) Die Departement moet tersaaklike inligting oor die beskikbaarheid van SER-eenhede in die SRR aan die tersaaklike owerheid voorsien vir publikasie in die *Staatskoerant* "Aeronautical Information Publication (AIP) and Marine Notice".

(3) Die Departement moet die beskikbaarheid verseker van gepas verpakte, neerlaatbare lewensondersteuningstoerusting wat veilig geposisioneer is en onderhou word by strategiese liggings regdeur die SRR en geredelik beskikbaar is om in SER-eenhede gelaai te word.

(4) RCC's moet die beskikbaarheid verseker van opgeleide personeel en nodige persoonlike veiligheidstoerusting by strategiese liggings binne die SRR verseker vir die lug- en oppervlakaflewering deur SER-eenhede van lewensondersteuningstoerusting aan oorlewendes van ongelukke.

Waarskuwingsposte

3. (1) 'n Aangewese waarskuwingspos moet die RCC's of RSC's onmiddellik inlig van 'n noodgeval of potensiele noodgeval sodra dit daarvan bewus word.

(2) Die volgende organisasies of instelling is aangewys as toegewyde waarskuwingsposte en moet 24-uur per dag beman wees:

- (a) 'n Lugverkeerdiensseenheid (LVDE);
- (b) Hawemeester se kantore;
- (c) Kusradiostasies;
- (d) Suid-Afrikaanse polisiestasies;
- (e) Die MRCC; en
- (f) Die ARCC.

(3) Die waarskuwingspos moet die volgende prosedures volg by bewuswording van 'n noodsituasie of potensiele noodsituasie:

- (a) soveel inligting moontlik oor die noodsituasie inwin;
- (b) by die naaste maritieme RCC of RSC aanmeld in die geval van 'n maritieme nood of aan die ARCC of naaste ATSU in die geval van 'n lugvaart noodgeval;
- (c) nadat die aanvanklike verslag ingevolge 5(b) hierbo gedoen is, moet die waarskuwingspos poog om die verslag vir betroubaarheid en akkuraatheid na te gaan;
- (d) indien daar rede is om te vermoed dat die boodskap of sein wat die noodgeval aandui 'n poets of valse waarskuwing is, die boodskap as sodanig verklaar; en

(e) die kommunikasiekanaal tussen homself en die bron van die noodboodskap oop hou totdat die gepaste RCC verklaar dat dit nie meer nodig is nie.

(4) 'n Aangewese waarskuwingspos moet poog om die volgende inligting oor die vaartuig in nood in te win om dit aan die RCC of RSC oor te dra:

- (a) identifikasie van vaartuig in nood (naam of tipe/roepsein);
- (b) posisie van noodgeval (breedtegraad/lengtegraad of rigting/afstand vanaf laaste aangemelde posisie en volgende aangemelde posisie);
- (c) datum of tyd van posisie;
- (d) aard van noodgeval (vuur, ongeluk, persoon oorboord, buite werking, laat, uitspring, botsing);
- (e) beskrywing van vaartuig (grootte, tipe, kleur van: romp, kajuit, dek, takelwerk, romp van vliegtuig, stert, vlerkpunt);
- (f) persone aan boord;
- (g) datum, tyd en punt van vertrek, beplande roete, spoed van nadering, geraamde tyd van aankoms (ETA) en bestemming;
- (h) radiofrekwensie wat gebruik, gemonitor word of geskeduleer is;
- (i) noodradiotoerusting en -frekwensies, met inbegrip van bakens wat noodposisie aandui;
- (j) weerstoestande en seetoestande op die toneel;
- (k) bystand verlang, indien nie ooglopend nie;
- (l) bystand wat ontvang word, indien enige;
- (m) rigting, spoed, hoogte en brandstof;
- (n) aanvanklike aanmelder (naam, telefoon of adres van persoon, naam/roepsein van vaartuig, oueragentskap);
- (o) datum en tyd van aanvanklike aanmelding;

- (p) moontlike roete-afwykings;
- (q) navigeringstoerusting;
- (r) oorlewingstoerusting;
- (s) ander inligting, bronne (vriende, familielede, medewerkers, agente en agentskappe);
- (t) motorlisensie of bootsleepwalisensie, beskryfwing, ligging indien dit toepaslik is; en
- (u) enige ander tersaaklike inligting.

(5) 'n Aangewese waarskuwingspos moet probeer om die volgende inligting te kry oor 'n vermiste persoon wat in 'n maritieme of lugvaart insident of noodgeval betrokke was:

- (a) Naam van die vermiste persoon;
- (b) Ligging waar hy of sy laas gesien is;
- (c) Datum of tyd toe hy of sy laas gesien is;
- (d) Bekende voornemens of moontlike handelinge van vermiste persoon;
- (e) Beskrywing van vermiste persoon;
- (f) Klere, skoene en toerusting;
- (g) Fisieke en verstandelike toestand;
- (h) Kennis van area;
- (i) Buitelug ervaring;
- (j) Weersomstandighede;
- (k) Stappe wat gedoen word;
- (l) Bystand wat verlang word, indien nie ooglopend nie;
- (m) Aanvanklike aanmelder, (naam en telefoonnommer of adres);
- (n) Datum en tyd van aanvanklike aanmelding;

- (o) Naasbestaandes (naam en telefoonnommer of adres);
- (p) Enige ander pertinente inligting.

(6) 'n Aangewese waarskuwingspos moet probeer om inligting oor bestaande weersomstandighede van die persoon wat 'n voorval aangemeld het te verkry deur vrae oor die volgende te stel:

- (a) Skoon lug of bewolk en onlangse veranderinge.
- (b) Hetsy dit reën of sneeu of gereën of gesneeu het, wanneer die sneeu begin en opgehou het.
- (c) Hetsy strawwe weersomstandighede soos donderstorms, hael, yskorrels of ysreën voorkom of voorgekom het, en die tye waarop dit begin en opgehou het.
- (d) Sigbaarheid en enige faktore wat dit affekteer, soos mis, rook, dynserigheid, ens. en die tyd van onlangse veranderinge.
- (e) Beskrywing van die omstandighede op die water of op see.
- (f) Windrigting en spoed en onlangse veranderinge.

Verslagstelsel

4. (1) RCC's moet 'n verslagstelsel instel wat die dokumentasie van gebeure tydens die voer van SAR-operasies en oefeninge dek.

(2) RCC's moet onmiddellik by versoek bewyse van sodanige rekords aan die tersaaklike toesigowerhede verstrek.

Dokumentbiblioteek

5. (1) RCC's en RSC's moet die instelling en onderhoud van 'n dokumentbiblioteek verseker wat bygewerkte uitgawes van tersaaklike dokumente bevat en waartoe sy operasionele en bestuurspersoneel onmiddellik toegang kan kry.

(2) Die biblioteek moet te alle tye huidige uitgawes van dokumentasie soos deur die tersaaklike Internasionale Liggame voorgeskryf, vir verwysing beskikbaar hê.

(3) RCC's en RSC's moet meestersafskrifte van alle handleidings wat vir die veilige, doeltreffende en tydige voorsiening van maritieme en lugvaart-SER-dienste benodig word en afskrifte op versoek aan die owerhede verantwoordelik vir SER-toets pligte, voorsien.

Rekordhouding

6. RCC's moet alle data aangaande elke SER-aksie deur daardie RCC en sy RSC'e onderneem, vir ten minste vyf jaar op 'n ordelike en maklik toeganklike wyse hou.

Bevoegdheid en opleiding

7. (1) SASER moet verseker dat die aanvanklike en herhaalde opleiding van alle RCC's en, waar gepas, RSC-bedryfs- en direkte toesighoudende

personeel, volgens 'n sillabus gedoen word wat aanvaarbaar vir die Departement en toesighoudende owerhede is.

(2) SASER moet verseker dat RCC en, waar gepas, RSC-personeel gereelde bedrewendheidsopleiding en oefeninge gegee word om vaardighede, kennis en gesindheid te behou soos gepas is vir die voorsiening van maritieme en lugvaart-SER-dienste.

Vorbereidende inligting

8. (1) Die Departement en SASER moet verseker dat die RCC altyd onmiddellik toegang het tot omvattende, akkurate en bygewerkte data aangaan die volgende bates en fasiliteite in die SRR:

- (a) RSC's;
- (b) SER-eenhede;
- (c) Liggings waar voorrade van neerlaatbare nood- en oorlewingsstoerusting gestoor word;
- (d) Waarskuwingsposte;
- (e) ATS-eenhede;
- (f) Kommunikasie-middele wat in SER-operasies gebruik kan word;
- (g) Adresse (elektronies en pos) en telefoonnommers van gepas gemagtigde operateurs se verteenwoordigers; en
- (h) Enige ander openbare en private hulpbronne met inbegrip van mediese en vervoerfasiliteite wat waarskynlik nuttig kan wees in SER-operasies;
- (i) Die Departement moet die inligting in (1) hierbo genoem by kennisgewing in die *Staatskoerant* en by wyse van gedrukte en elektroniese media, soos

gepas, publiseer ten einde wye publisiteit te verseker.

Inligting aangaande noodgevalle

9. (1) Enige lid of element van die SER-organisasie, indien inligting ontvang is of vermoedens bestaan dat 'n lugvaartuig of vaartuig 'n noodgeval ervaar, moet onmiddellik alle beskikbare, tersaaklike inligting aan die tersaaklike RCC gee.

(2) 'n RCC, by ontvangs van advies dat 'n lugvaartuig of vaartuig 'n staat van nood ervaar, moet onmiddellik sodanige inligting evalueer en die omvang van die stappe wat gedoen moet word, assesseer.

(3) 'n RCC moet verseker dat, wanneer hy ingelig word dat 'n lugvaartuig of vaartuig in 'n noodsituasie is, die vereiste noodfase verklaar word en prosedures van toepassing op daardie fase toepas.

Prosedures tydens noodfases

10. (1) By die verklaring van 'n noodfase, moet die RCC voldoen aan alle standaardprosedures soos omskryf in die tersaaklike internasionale en nasionale gidsmateriale.

(2) In 'n lugvaart-SER-insident wat 'n lugvaartuig behels waarvoor 'n vlugplan ingedien is, moet 'n onsekerheidsfase verklaar word wanneer:

(a) geen kommunikasie binne 30 minute na die tyd waarop dit ontvang moes word, ontvang is nie, of vandat die eerste onsuksesvolle poging gemaak is om met die lugvaartuig in verbinding te tree, watter ook al die vroegste is;

- (b) die lugvaartuig binne 30 minute na die laaste ETA wat gekommunikeer of geskat is, watter ook al later is, nog nie gearriveer het nie; of
- (c) die evaluasie van ander omstandighede, bv. kennis dat die lugvaartuig probleme ervaar, dit raadsaam maak om die onsekerheidsfase te verklaar;

(3) Ten opsigte van 'n lugvaartuig waarvoor geen vlugplan ingedien is nie, moet 'n onsekerheidsfase deur die ATSU verklaar word wanneer inligting dat die lugvaartuig laat of vermis is, van enige bron ontvang word, soos 'n ATSU, die lugvaartuigoperator, die naasbestaandes van die vlieënier, of enige ander persoon. In sulke gevalle sal die ARCC in kennis gestel word en die vordering monitor.

(4) 'n Waarskuwingsfase moet deur 'n ARCC verklaar word wanneer—

- (a) die pogings wat tydens die onsekerheidsfase gemaak is om met die lugvaartuig in verbinding te tree of om enige nuus van ander bronne te kry, misluk het en die lugvaartuig duidelik laat is;
- (b) 'n lugvaartuig, wat klaring gekry het om te land, versuim het om binne 5 minute vanaf die geskatte landingstyd te land en verbinding nie met die lugvaartuig herstel is nie;
- (c) inligting ontvang is wat aandui dat die operasionele doeltreffendheid van die lugvaartuig waarvoor die onsekerheidsfase verklaar is of dié van 'n ander lugvaartuig, belemmer is, maar nie tot die mate dat 'n gedwonge landing waarskynlik is nie; en
- (d) daar rede is om te glo dat die operasie van 'n lugvaartuig mee ingemeng word. In sulke gevalle sal die ARCC ingelig word, wat die tersaaklike en verwante organisasies en owerhede sal verwittig.

(5) 'n Noodfase moet deur 'n ARCC verklaar word wanneer—

- (a) die pogings tydens die waarskuwingsfase gemaak om met die lugvaartuig in verbinding te tree, misluk het en die lugvaartuig duidelik vermis is en waarskynlik in nood verkeer;
- (b) die brandstof aan boord geag word uitgeput of onvoldoende te wees vir die lugvaartuig om veiligheid te bereik;
- (c) inligting ontvang word wat aandui dat die operasionele doeltreffendheid van die lugvaartuig soveel so aangetas is dat 'n geforseerde landing waarskynlik is;
- (d) inligting ontvang word, of dit redelik seker is dat die lugvaartuig 'n gedwonge landing gaan maak of gemaak het, of geval het; en
- (e) 'n vliegtuig onbedoeld op die grond onbedoeld gevind is as gevolg van 'n waarneming of as gevolg van aanpeiling op 'n ELT-transmissie.

(6) In 'n maritieme insident moet 'n onsekerheidsfase verklaar word sodra 'n waarskuwingspos die MRCC verwittig dat—

- (a) daar twyfel bestaan oor die veiligheid van 'n vaartuig en/of die persone aan boord;
- (b) die vaartuig laat is en versuim het om teen sy geskatte tyd van aankoms te arriveer; en
- (c) die vaartuig versuim het om 'n verwagte posisie of veiligheidsaanmelding te doen.

(7) 'n Waarskuwingsfase moet deur 'n MRCC verklaar word wanneer—

- (a) daar besorgdheid is oor die veiligheid van 'n vaartuig of die persoon aan boord;

- (b) na die onsekerheidsfase, pogings om met die vaartuig in verbinding te tree misluk het en navrae wat aan ander gepaste bronne gerig is, onsuksesvol was; of
- (c) inligting ontvang is wat aangedui het dat die operasionele doeltreffendheid van 'n vaartuig belemmer is maar nie tot die mate dat nood waarskynlik is nie.

(8) 'n Noodfase moet deur 'n MRCC verklaar word wanneer—

- (a) positiewe inligting ontvang word dat 'n vaartuig of die persone aan boord in ernstige en dreigende gevaar is en onmiddellik bystand nodig;
- (b) na die waarskuwingsfase, verder onsuksesvolle pogings om met die vaartuig in verbinding te tree en wyer, onsuksesvolle navrae daarop wys dat die vaartuig in nood verkeer; of
- (c) inligting ontvang word wat aandui dat die operasionele doeltreffendheid van die vaartuig belemmer is tot die mate dat 'n noodsituasie 'n waarskynlikheid is.

(9) 'n ATSU stel gewoonlik sy verwante RCC in kennis wanneer 'n lugvaartuig gewoonlik of waarskynlik in 'n staat van nood verkeer. Sodanige kennisgewing aan die ARCC moet die volgende inligting, indien beskikbaar, bevat soos van toepassing op die fase van noodgeval:

- (a) agentskap en persoon wat skakel;
- (b) aard van noodgeval;
- (c) belangrike inligting uit die vlugplan;
- (d) eenheid wat laaste in verbinding was, tyd, en frekwensie gebruik;
- (e) laaste posisieaanmelding en hoe die posisie vasgestel is;
- (f) kleur en onderskeidende merke van die lugvaartuig in nood;
- (g) enige stappe deur die aanmeldingskantoor gedoen;

- (h) getal persone aan boord (PAB);
- (i) oorlewingstoerusting aan boord;
- (j) tersaaklike radar- en stemopnames; en
- (k) ander inligting.

(10) Die kennisgewing van 'n Kusradiostasie aan die MRCC aangaande 'n maritieme vaartuig wat in nood verkeer, moet die volgende inligting bevat, indien beskikbaar:—

- (a) naam en roepsein (of skipstasie-identiteit) van die skip of boot;
- (b) aard van die noodgeval;
- (c) tipe bystand benodig;
- (d) tyd van kommunikasie met die skip of boot;
- (e) laaste bekende posisie van die skip of boot;
- (f) beskrywing van die skip of vaartuig;
- (g) voornemens van die skip of vaartuig;
- (h) getal PAB, indien bekend; en
- (i) ander inligting.

(11) Kennisgewings van enige ander bron moet enige abnormale gebeurtenis wat hulle gesien of van gehoor het, insluit.

Prosedures op toneel van noodgeval

11. (1) Wanneer veelvuldige fasiliteite op die toneel betrokke is in SER-operasies en die RCC 'n Toneelbevelvoerder (OSC) of Lugvaartkoördineerder (ACO) aanwys om taktiese aktiwiteite op die toneel te koördineer om die veiligheid en doeltreffendheid van operasies te verseker, moet die OSC of ACO die

aangewese take met volle inagneming van die aard van die soekeiken, die tipe, getal en kapasiteit van SER-eenhede en die omgewing verrig en die RCC ten volle ingelig hou van stappe gedoen en voorgestel.

(2) Wanneer 'n gesagvoerder waarneem dat 'n ander lugvaartuig of vaartuig in nood verkeer, moet die gesagvoerder, indien moontlik en tensy dit onredelik of onnodig geag word:

- (a) die lugvaartuig of vaartuig in sig hou totdat die toneel verlaat moet word of die RCC laat weet dat dit nie meer nodig is nie;
- (b) die posisie van die lugvaartuig of vaartuig in nood bepaal;
- (c) soos gepas, aan die RCC of lugverkeerdienseenheid soveel as moontlik van die volgende inligting aanmeld:
 - (i) tipe lugvaartuig of vaartuig in nood, die identifikasie en toestand daarvan;
 - (ii) posisie van die lugvaartuig of vaartuig uitgedruk in geografiese koördinate of as 'n rigting en afstand van 'n duidelik sigbare landmerk of grondradio navigeringshulpmiddel;
 - (iii) tyd van observasie uitgedruk in ure en minute in Gekoördineerde Universele Tyd (UTC);
 - (iv) getal persone aan boord;
 - (v) of gesien is dat die persone die lugvaart of vaartuig in nood verlaat;
 - (vi) klaarblyklike fisieke toestand van die oorlewendes;
 - (vii) weersomstandighede op die toneel;
 - (viii) klaarblyklike beste toegangsroete op land tot die noodtoneel; en
- (d) handel volgens die opdragte van die ATS-eenheid na aanleiding van advies van die RCC.

Prosedures vir owerhede in die veld

12. (1) Wanneer samewerkende SASER-lidorganisasies, bekleed met werksaamhede en verantwoordelikhede kragtens die nasionale SER-plan, in die veld betrokke raak in SER-verwante aktiwiteite wat deur die RCC of RSC gekoördineer word, moet hulle die RCC of RSC ingelig hou van instruksies kragtens hul opdrag en relevante ontwikkelinge gegee.

Kansellasië van SER geliasseer tydens inhandiging van vlugplanne

13. (1) Eienaars of operateurs van lugvaartuie wat vir SER ingedien het tydens die inhandiging van hul vlugplan, moet SER kanselleer wanneer hulle hul bestemming bereik deur enige ATSU van hul veilige landing in te lig.

(2) Wanneer SER by 'n ATSU waarby die eienaar of operateur nie sy/haar SER-aksie ingehandig het nie, gekanselleer word, moet die eienaar of operateur sy of haar oorspronklike ATSU of SER-aksievereiste bekendmaak.

(3) Enige eienaar of operateur van 'n lugvaartuig wat deur 'n onwettige handeling of uitlating versuim om SER te kanselleer soos deur subregulasie (1) vereis, moet skuldig aan 'n misdryf wees en die Direkteur van Burgerlike Lugvaart moet, na oorweging van die feite deur die ARCC in samewerking met die SASER aan hom of haar voorgelê, met inbegrip van die tipe hulpbronne deur SASER ontplooi as gevolg van hierdie uitlating, besluit op 'n gepaste boete vir die oortreder.

(4) Alhoewel elke saak volgens meriete beoordeel moet word, moet die boete deur die Direkter opgelê, nie minder wees nie as die kostes uitgegee op hulpbronne wat ontplooi is.

Beëindiging en opskorting van operasies

14. (1) SER-operasies moet voortgaan, waar prakties moontlik, totdat alle oorlewendes na 'n veilige plek gebring is of totdat 'n redelike hoop meer bestaan dat oorlewendes gered kan word nie.

(2) Die RCC moet verantwoordelik wees om te bepaal wanneer SER-operasies gestop moet word en in die neem van daardie besluit moet hulle operasionele standaarde en praktyke soos in die tersaaklike leidende materiale vervat, volledig in ag neem.

(3) Wanneer 'n SER-operasie suksesvol was of wanneer die RCC van oordeel is dat 'n noodgeval nie meer bestaan nie, moet die noodfase gekanselleer word en enige owerheid, fasiliteit of diens wat geaktiveer of in kennis gestel is, onverwyld verwittig word.

(4) Indien 'n SER-operasie om enige rede onuitvoerbaar word en die RCC tot die gevolgtrekking kom dat daar steeds 'n moontlikheid is dat oorlewendes gevind kan word, moet die RCC aktiwiteite op die toneel hangende verdere ontwikkelinge tydelik opskort en moet enige owerheid, fasiliteit of diens wat geaktiveer of in kennis gestel is, onverwyld in kennis stel.

(5) By die evaluasie van tersaaklike inligting wat daarna ontvang word, kan SER-operasies hervat word wanneer die RCC dit geregverdig of uitvoerbaar ag of as die Minister die opdrag daarvoor gee.

*Deel 4**Soek en Reddingskommunikasies***Kommunikasietoerusting**

1. (1) Die organisasie of instelling ingevolge hierdie regulasies aangewys om 'n RCC te bedryf, moet verseker dat die RCC tot snelle en betroubare tweerigtingkommunikasie in staat is met:

- (a) Verwante lugverkeerdienste;
- (b) Verwante reddingssubsentrum;
- (c) Gepaste stasies om rigting te vind en posisies vas te stel in die SRR;
- (d) Die gepaste operasionele sentrum van SER-eenhede in die SRR;
- (e) Die MRCCs in die SRR en alle ARCC's, MRCC's en JRCC's in naburige SRR'e;
- (f) Aangewese meteorologiese kantore en meteorologiese waarnemingskantoor in die SRR;
- (g) Alle aangewese SER-eenhede;
- (h) Alle aangewese waarnemingsposte;
- (i) Verwante polisiemagte;
- (j) Die Cospas-Sarsat missiebeheersentrum wat die SRR of die tersaaklike Soek-en-redding Punte van Kontak (SPOC), soos gepas, bedien;
- (k) Alle lugvaart en maritieme veiligheids- en waarnemingsentrums in die SRR;
- (l) Hidrograaf; en
- (m) Navarea.

(2) Die organisasie of instelling ingevolge hierdie regulasies aangewys om 'n RSC binne die SRR te bedryf, moet verseker dat die RSC middele van snelle en betroubare tweerigtingkommunikasie het met:

- (a) Die RCC;
- (b) Verwante lugverkeerdienste;
- (c) Verwante polisiemagte;
- (d) Aangrensende reddingssubsentrum;
- (e) Verwante meteorologiese kantoor of meteorologiese waarnemingskantoor;
- (f) Gepaste aangewese SAR-eenhede;
- (g) Gepaste aangewese waarskuwingsposte; en
- (h) Verwante lugvaart- en maritiemeveiligheids en -waarnemingsentrums in die SRR.

Kommunikasiefrekwensies

2. (1) Kommunikasie moet noodwaarskuwings-, koördinerings- en opsporingsfunksies ondersteun deur diegene in nood in staat te stel om die SER-stelsel te waarsku, die SER-stelsel om te antwoord en sy missie uit te voer en oorlewendes om SER-eenhede te help om te reageer en 'n redding uit te voer.

(2) Die nodige kommunikasietoerusting vir SER kan telefone, radio's wat op internasionale noodfrekwensies werk, langafstand aards- en satellietstelsel en ander toerusting, afhangende van geografie, die vermoëns van mobiele fasiliteite binne 'n gebied en ander faktore wat persone se vermoë om met mekaar in verbinding te tree, affekteer.

(3) SER-kommunikasietoerusting moet betroubaar wees, i.e. te alle tye in goeie werkende toestand en moet toeganklik wees vir alle partye wat by 'n SER-operasie betrokke is.

(4) Noodboodskappe moet altyd voorkeur geniet, met ander woorde, hulle moet voor alle ander kommunikasie verwerk word.

(5) Kommunikasie moet betroubaar en vinnig tussen eenhede in nood en die SER-stelsel kan plaasvind, en tussen komponente van die SER-stelsel, nasionaal en internasionaal.

(6) SER-operasies sal waarskynlik kommunikasie tussen twee of meer van die volgende eenhede en/of owerhede vereis:

- (a) Lugvaartuigdienste-eenhede;
- (b) Soek-en-reddingslugvaartuie;
- (c) Ander vaartuie op see;
- (d) Soek-en-reddingsvaartuie;
- (e) Vlootowerhede aan land;
- (f) Lugmagbasisse/Bevelposte;
- (g) Hawe-owerhede;
- (h) Kusradiostasies;
- (i) Reddingskoördineringsentrums;
- (j) Polisiestasie, -vaartuie en -voertuie;
- (k) NSRI-landstasies, landmobielestasies en vaartuie;
- (l) Nood Mediese Dienste;
- (m) Navareakoördineerder; en
- (n) Hidrograaf;

(7) Almal wat by 'n SER betrokke kan wees, moet voorsien word van kommunikasieprosedures, frekwensies en toerusting wat genoegsaam verbindbaar is om hul pligte te verrig.

(8) Alle kommunikasie wat met SER verband hou, moet ooreenkomstig die verskeie vereistes soos bepaal deur die Internasionale Burgerlike Lugvaartorganisasie (ICAO), Internasionale Maritieme Organisasie (IMO) en ook ingevolge die konvensies oor Veiligheid van Lewe op See (SOLAS, Chacog en SER) en ook volgens die ITU-regulasie oor radiofrekwensie gebruik soos van tyd tot tyd gewysig of soos deur die Regering gelas.

(9) Waar SER in beheerde of adviserende lugruim plaasvind, moet die gepubliseerde lugvaartfrekwensie vir ATC-doeleindes gemonitor word.

(10) Wanneer 'n SER-operasie verklaar word, moet 'n frekwensie vir lugvaartuig/lugvaartuig-kommunikasie toegewys word.

Deel 5

Spesiale Bepalings en Vereistes

Minimumvragvereistes vir soek-en-reddingslugvaartuie

1. (1) Soek-en-reddingslugvaartuie moet:
 - (a) toerusting aan boord hê om 'n ongelukstoneel onverwyld op te spoor, met inbegrip van rigtingvindingstoerusting met 'n afpeilvermoë vir SER-noodfrekwensies;
 - (b) toerusting aan boord hê om genoegsame en tydige bystand aan oorlewendes te voorsien;

- (c) toegerus wees om in staat te wees om op die maritieme en lugvaartnood en -toneel radiofrekwensies te kommunikeer;
- (d) toegerus wees om met ander SER-eenhede en fasiliteite wat by SER-operasies betrokke is, te kan kommunikeer; en
- (e) Volume III "Mobile Facilities", van die "International Aeronautical and Maritime Search and Rescue" handleiding aan boord hê.

(2) Soek-en-reddingslugvaartuie aangewys vir SER-operasie oor maritieme gebiede moet:

- (a) toegerus wees om met vaartuie te kommunikeer en om seine van outomatiese identifikaasiesistels aan boord van skepe en reddingsbote te ontvang ingevolge die "Global Maritime and Distress Safety System" geadministreer deur die "International Maritime Organization";
- (b) 'n afskrif van die "International Code of Signals" (IMO-verkoopsnommer IA994 E) vir bystand met kommunikasie met skepe.

(3) Helikopter-SER-eenhede wat vir nagreddingsoperasies aangewys is, moet:

- (a) toegerus wees met toestelle wat nagvisie verbeter; en
- (b) ten minste twee vlieëniersbemannings hê.

(4) Helikopter-SER-eenhede moet met 'n gesertifiseerde reddingskatrol toegerus wees.

Oorlewings-toerusting

2. (1) Geen operateur van 'n lugvaartuig moet die lugvaartuig bedryf oor areas waar soek-en-redding uiters moeilik sal wees nie, tensy die lugvaartuig

toegerus is met gepaste oorlewings-toerusting soos beoog in deel 91.04.29 van die Regulasies op Burgerlugvaart.

(2) Sodanige toerusting moet voldoen aan die voorwaardes, reëls, vereistes, prosedures of standarde soos voorgeskryf in SA-CATS-OPS 91.

Soek-en-reddingseine

3. (1) By die waarneming van enige van die visuele seine in die ICAO-dokumente gegee, moet lugvaartuie soos volg optree:

(a) Wanneer 'n grondsein vertoon is, moet 'n soeklugvaartuig op enige van die volgende wyse aandui of die sein verstaan is:

- (i) tweerigtingradiokommunikasie op toerusting wat beskikbaar is;
- (ii) kommunikasietoerusting wat uit 'n lugvaartuig laat val word; of

(b) Wanneer die aksies in 1(a) hierbo genoem onuitvoerbaar is, moet 'n soeklugvaartuig op een van die volgende wyses aandui of die sein verstaan is:

- (i) bedags, deur die lugvaartuig se vlerke te wieg;
- (ii) snags, wanneer dit donker is, deur die lugvaartuig se ligte aan en af te flikker; of
- (iii) indien die lugvaartuig nie aldus toegerus is nie, deur sy navigeringsligte aan en af te skakel.

(c) Indien die bogenoemde seine nie gebruik word nie, dui dit aan dat die grondsein nie begryp is nie.

(2) Wanneer 'n lugvaartuig 'n SER-fasiliteit moet lei na die plek

waar 'n lugvaartuig of vaartuig in nood is, moet die lugvaartuig dit doen deur presiese instruksies deur enige middele tot sy beskikking te versend. Indien geen radiokontak gemaak kan word nie, moet die lugvaartuig op 'n veilige wyse:

- (a) ten minste een keer oor die lugvaartuig of vaartuig sirkel;
- (b) die geprojekteerde roete van die lugvaartuig of vaartuig in nood net voor dit en teen lae hoogte, kruis, en
- (c) die vlerke wieg; of
 - (i) die versneller oop en toe maak; of
 - (ii) die propeller se toonhoogte verander; en
- (d) vlieg in die rigting waarin die SER-fasiliteit gestuur moet word;
- (e) 'n herhaling van hierdie prosedure moet dieselfde betekenis hê.

Noodliggingsbakens

4. (1) Die bepalings van deel 91.04.26 van die Burgerlugvaart-regulasies aangaande die dra van noodliggingsversenders moet van toepassing wees.

(2) Alle liggingsaanduidende radiobakens wat deur vaartuie van Suid-Afrikaanse nasionaliteit verkry word, moet ingevolge en ooreenkomstig die vereistes soos voorgeskryf deur die Handelskeepsvaartregulasies (EPIRB-registrasie), 2002, geregistreer word.

(3) Eienaars en operateurs van klasse van lugvaartuig wat vrygestel is van die dra van noodliggingsversenders ingevolge die Burgerlugvaart-regulasies in subregulasie (1) bedoel kan, met inagneming van die beperkings van persoonlike opsporingsbakens, ten minste 'n goedgekeurde en geregistreerde persoonlike

opsporingsbaken dra wat op 406 MHz kan versend of 'n vorm van vlugsporingstoestel wat deur die tersaaklike SER-owerheid goedgekeur is.

Skeepsaanmeldingstelsel

5. (1) 'n Skeepsaanmeldingstelsel moet ingevolge Hoofstuk 5 van die Maritieme-SER-konvensie ingestel word met die oogmerk om bygewerkte inligting te voorsien oor skeepshulpbronne in die omtrek van 'n ongeval en om die soekarea te beperk indien 'n SER-missie ter see uitgevoer of gedoen moet word.

(2) Die skeepsrapporteringstelsel moet bygewerkte inligting verskrek oor die bewegings van vaartuie ten einde in die geval van 'n noodgeval;

- (a) die tyd te verminder wat verloop vandat kontak met 'n vaartuig verloor is en die aanvang van soek-en-reddingsoperasies in gevalle waar geen noodsein ontvang is nie;
- (b) vinnige identifisering van vaartuie wat ingeroep kan word om bystand te verleen, moontlik te maak;
- (c) afbakening van 'n soekarea van beperkte grootte moontlik te maak indien die posisie van 'n persoon, vaartuig of ander voertuig onbekend of onseker is; en
- (d) die voorsiening van dringende mediese bystand of advies te fasiliteer.

(3) Die skeepsrapporteringstelsel moet aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) voorsiening van inligting, met inbegrip van seilplanne en posisieverslae, wat dit moontlik sal maak om die huidige en toekomstige posisie van deelnemende vaartuie vas te stel;
- (b) onderhoud van 'n skeepsplan;

- (c) ontvangs van verslae van deelnemende vaartuie teen gepaste intervalle;
- (d) eenvoud in stelselontwerp en bedryf; en
- (e) gebruik van skeepsaanmeldingsformaat en prosedures waarop internasionaal ooreengekom is.

(4) Die skeepsaanmeldingstelsel moet ten minste, die volgende tipes skeepsverslae inkorporeer:

- (a) seilplan;
- (b) posisieverslag;
- (c) finale verslag; en
- (d) gevaarlikegoedereverslag.

Kort titel en inwerkingtreding

6. Hierdie regulasie moet die Suid-Afrikaanse Maritieme en Lugvaartsoek-en-reddingsregulasies, 2016 heet en moet in werking tree op 'n datum in die *Staatskoerant* gepubliseer.